NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 22 MEI 2022

SESDE SONDAG IN PAASTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK
JAN KRIELSKOOL EN -INSTITUUT

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK
Hemelvaartdiens: Efesiërs 1:15-23; Psalm 47
Lukas 24:44-53; Handelinge 1:1-11
Pinkster: Openbaring 22:12-14, 16-17, 20-21
Handelinge 16:16-34; Psalm 97; Johannes 17:20-26

	SONDAG, 22 MEI
	POSDAG
09:30	Oggenddiens – Ds André van Wyk
	Deuroffer: Jan Kriel Instituut
	Erediensspan 3 – Elsa Welman
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
Geen	Aanddiens
18:00	Senior kategese
	MAANDAG, 23 MEI
18:30	Kooroefening
19:00	Sportmanne Bybelstudie
19:00	Vroue Bybelstudie
	DINSDAG, 24 MEI
09:30	Senior Burger Bybelstudie
18:00	Manne Bybelstudie in Moederskamer
	WOENSDAG, 25 MEI
	Kommissie Verslae moet ingehandig word by kerkkantoor
09:30	Vroue Bybelstudie
09:30	Othello Bybelstudie
19:00	Huweliksverryking – Date Night in De Eike

	DONDERDAG, 26 MEI
	HEMELVAART (Sien blokkie elders vir kerkdiens)
Geen	Kuilsrivier Dienssentrum Sopbeurte: Engela Franken, Elmarie Scholtz, Christelle Smit, Loamie Olivier Irma van Schalkwyk, Kotie Jonas
	VRYDAG, 27 MEI
09:00	Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom
	SATERDAG, 28 MEI
	BASAAR
	SONDAG, 29 MEI
	DANKBAARHEIDSONDAG PINKSTER BEGIN
09:30	Oggenddiens Deuroffer: Hawesending Erediensspan 4 – Neels Kruger
09:30	Kleuterkerk
09:30	Kinderkerk
18:00	Senior kategese
19:00	Pinkster

GEMEENTENUUS

1. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:
   Pierre, Yolanda en Imke Steyn vanaf Kuilsrivier-Suid
2. Gerda Pelser (Othello) is tans in die hospitaal.
3. Alta le Roux (Othello) se skoonsuster is oorlede.
4. Vicci Scholtz (Gladiolistraat) het ‘n groot operasie ondergaan.

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.

OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

Jan Kriel Instituut (Kuilsrivier)

Baie dankie dat u vanoggend by die deure bydra tot die Here se werk by Jan Krielskool. Jan Krielskool (sedert 1937) is die 3de oudste skool vir "kinders met spesiale onderwysbehoeftes".
Soos met die Dowes en Blindes (die eerste twee) het die Ned Geref Kerk dit begin, ontwikkel en bestuur. Sedert 1998 (nuwe onderwyswet) is die NG Kerk en haar lidmate se betrokkenheid beperk tot befondsing van verdienstelike kinders en projekte in die skool. Die "ekstra" dienste wat die staat en ouers nie kan bekostig of in stand hou nie, word deur gemeentes en individuele donateursvriende gedra. Dit beloop etlike miljoene per jaar, maar die resultate toon dat dit deur en deur die moeite werd is. Jan Krielskool is byvoorbeeld:

- bekroon as die beste "spesiale" skool in Suid Afrika
- bekroon met internasionale "blou plaak" status vir die bydra tot onderwys in Suid Afrika
- die enigste spesiale skool waar leerders met gestremdhede matriek in Afrikaans kan slaag
- uiters suksesvol – met 'n slaagsyfer van 96% van Gr R tot Matriek in 2019

Die "En-Gee" Kerk (☺ smiley) kan dankbaar-trots wees op hierdie baken van die barmhartigheid van Jesus. Indien u meer inligting verlang of 'n persoonlike donasie wil maak, kontak gerus die Jan Kriel Instituut.

021 903-0434 | instituut@jankriel.co.za
Webwerf: https://jankriel.org.za

HEMELVAARTDIENSTE

Ons vier Hemelvaart by **Moedergemeente** op Donderdag 26 Mei 2022.

Die volgende dienste sal dié dag gehou word:

13:15 Etensuur-byeenkoms: Ds Emile Blommaert (leraar van Digtebij-gemeente)
19:00 Ds Helené Fouché (leraar van Kuilsrivier gemeente)

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

22/05 Sarie Dippenaar, Heléne Steenkamp, Lourine van Dorp, Jané Smit, Vissie Vermaak
23/05 Willmi Loots, Lynnel Schoeman, Esther Bedeker
24/05 Hennie Snyman(83), Elriette van der Merwe, Eduan Joubert, Elmine Lamprecht(87)
25/05 Natalie Roberg, Jossie le Roux, Marietjie Goosen, Floris Jefthas
26/05 Willéne de Clerk, Cobus Groenewald, Arina du Plessis(85)
27/05 Louis Williams, Hannetjie de Swardt(81), Amanda Albrecht, Arina van der Merwe
28/05 Ds. Johan Morkel, Dirkie Morkel, Gabri Spies, Anneline Norman, Arnell Roberg, Jan Randewijk, Henk Lategan, Pienaar Papenfus, Johan Roodt, Helen Venter(87)

BASAAR – 28 MEI 2022

- Ons is nou in die pylvak na ons basaar op **Saterdag 28 Mei 2022**. Nooi asseblief soveel moontlik van jou familie, bure en vriende uit om na ons basaar te kom. Die basaar begin om 09:00. Elke Sondag is daar **"'n lusmaker"** op ons aankondiginge om jou vroegtydig lus te maak vir die basaar!
- Vanjaar het ons 'n kuiertent waar jy lekker rustig 'n koppie tee, koffie of 'n koeldrank kan kom geniet. Die tent sal op die gras parkeerterrein wees. ***GEEN produkte sal VOOR 09:00 verkoop word nie.*** Alhoewel die tafels se verkope eers stiptelik om 09:00 begin, kan jy reeds vanaf 08:00 in die kuiertent kom kuier met 'n lekker koppie tee of koffie.
- Die Veiling begin 10:00 in die saal.
- **Ons benodig nog die volgende**:
  Gebakte produkte: *Brood & Beskuit, klein koekies, grootkoeke en terte (soet en sout).*
  Koue Poedings
  Skenkings van koeldrank
  Bestanddele: *Margarien (vir bak en vir smeer), eiers (SOMMER BAIE !!), vla, kookolie en bruismeel.*
- Kontak gerus die kerkkantoor gerus die kerkkantoor indien jy op enige manier wil betrokke raak.

  Johan Morkel (Hoof Konvenor)
  083 398 8435

BASAAR LUSMAKER

Vetkoeke

Welkom by die Vetkoektafel!!

Hierdie jaar is daar weer heerlike kerrie-vetkoeke (R20) en ook ongevulde vetkoeke (R15).

Met 'n gedugte span is die diens flink en vrolik!! ☺

Lorraine Louw



Vleistafel

Hunker / Verlang jy na die vleispotte van De Eike? Kom staan dan Saterdagoggend in die vleistafelry en eis jou pond vleis – daar is primagraad wors, maalvleis, tjops, sopbene en biltong. Ons gee vleis aan die basaar; sonder ons is die basaar nóg vis nóg vlees, net vel en been.

Hennie en Piet Rootman

Worsjorsies

Die smul-lekkerrrrrr worsie in sy jassie op 'n stokkie
èn nog met die lekkerste sous oor……
wag vir jou by ons basaar van die jaar!!!!!!!!!

Sien julle daar!!!!!!
Tot dan
Veilig wees.
Elmarie Scholtz

Veiling

BASAAR 2022 SE VEILING

Soos al die vorige jare behoort elkeen op wie 'n bod toegeslaan word, met 'n winskopie weg te loop. Hierdie jaar het ons lidmate van hul tuisgemaakte items beskikbaar gestel om opgeveil te word. Ek kan nie glo dat daar soveel talente onder ons lidmate teenwoordig is nie. 'n Hand vervaardigde pen en potlood-stel in 'n houtkassie. Vlekvryestaalgrafies vir die kamp entoesias, 'n braaier op wiele en nog vele ander items is ook op soek na eienaars. Kom ondersteun die veiling en verras jou mense wanneer jy met iets nuuts by die huis opdaag.

Vriendelike Groete
Chris Barnardo